# BID GEDURIG - 1 TESS 5:17

## 1. ONS WEERSTAND TEEN GEBED

Ons word in die Bybel **herhaaldelik opgeroep** om te bid. Daarvoor is daar *verskillende redes*. Een daarvan is omdat gebed meestal nie iets spontaans is wat 'n mens doen nie. Daar is by almal van nature – vanweë ons sondige aard - 'n *gebrek aan begeerte* om te bid. Daar is 'n traagheid, 'n basiese weerstand teen gebed. Dit veroorsaak dat ons dit baie maal nalaat om te bid en dit selfs probeer vermy. Daar is waarskynlik min van ons hier vanmore wat nie skuldig voel oor ons gebedslewe nie. Die spreekwoord lui *"Nood leer bid",* maar **Karl Barth** wys daarop dat selfs nood ons nie vanself leer om te bid nie, omdat ons altyd weer probeer om self ons nood te bowe te kom. Daarom *beveel* God ons om te bid – soos in ons teksvers: *"Bid gedurig."*

## 2. GEBED IS 'N OPDRAG VAN GOD

Ja, dit is 'n opdrag van God. Dit is deel van sy liefdesgebod – om vir Hom bo alles en ons naaste soos onsself lief te hê. Ons kan dus nie maar net bid wanneer ons *lus* is, of wanneer ons in die *nood* is nie. Ons moet ook nie probeer *verskonings soek* soos dat God tog in elk geval alles weet en ek Hom niks hoef te vertel nie. Dis nie vir *'n mens* om te besluit of gebed sin maak of nie. Dit is soos om self te wil besluit watter van die Tien Gebooie sin maak, of vir wie ek wil liefhê.
Gebed is 'n saak van gehoorsaamheid waaraan **die beloftes van God** verbonde is. *"Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."* (Joh 16:24) "*Moet oor niks besorg wees nie,'* (dan opdrag:*)* *"maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend."* (belofte:) *"En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus."* (Fil 4:6,7)
Dis vanjaar die **500e herdenking** van Calvyn se geboortejaar. Hy en Luther het die gehoorsaamheidskarakter van gebed sterk beklemtoon. Ons moet bid omdat God dit wil hê. Dit is die weg waarlangs ons alles moet ontvang wat Hy aan ons wil gee. Die Woord sê: *"Julle kry nie omdat julle nie bid nie"* (Jak 4:2b).
In **die Heidelbergse Kategismus** word die vraag gestel: *"Waarom is dit vir 'n christen nodig om te bid?"* (Vraag 116) Die antwoord lui: *"Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis, en omdat God sy genade en die Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor*

*dank."* <u>God WIL ons gee wat ons nodig het, maar Hy WIL ook daarvoor gebid word.</u>
Maar het Hy nie **klaar besluit** hoedat alles gaan gebeur nie? Het Hy nie 'n **ewige raadsplan** waaraan ons tog niks kan verander nie? Prof Willie Jonker skryf hieroor die volgende: *"God het nou eenmaal die menslike gebed, hoe swak dit ook mag wees, van ewigheid af* ***opgeneem*** *in sy raadsplan en in die wyse waarop Hy in die wêreld wil regeer."* <u>Deur die gebed regeer ons saam met God oor die wêreld!</u> Daarom is die gebed ook so belangrik vir die koms van God se koninkryk op aarde. Jesus het ons nie verniet geleer om te bid: *"Laat U koninkryk kom"* nie.
Geen wonder nie dat Paulus die Tessalonisense oproep: *"Bid gedurig."* (1 Tess 5:17) Dit is **nie omdat** God *'n harde* of hardhorende God is wat gedurig gesoebat moet word om ons genadig te wees en ons te skenk wat ons nodig het nie. Dit is eerder omdat God juis 'n *genadige Vader* is wat 'n persoonlike verhouding met sy kinders verlang. Gesprek is belangrik in ons verhouding met God. <u>Sonder gebed kan daar nie veel van 'n verhouding met God wees nie.</u>
Gebed is 'n saak van gehoorsaamheid, maar soos wat Jesus vir die dissipels in Getsemane gesê het, *"Die gees is gewillig, maar die vlees is swak."* (Matt 26:41b) <u>Dit vra dissipline, stryd en volharding</u> om ondanks die traagheid van die vlees te bly bid en te groei in die gebedsomgang met God. 'n Mens kan die teleurstelling in Jesus se stem hoor as Hy vir die dissipels in die *Tuin van Getsemane* vermaan: *"Kon julle nie eers een uur lank saam met my waak nie? Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie."* (Matt 26:40,41)

## 3. <u>DIE AARD VAN GEBED</u>

Gebed is basies **'n gelowige gesprek met God.** <u>Gebed is **geselstyd** met jou hemelse Vader.</u> Daarom is dit ook so jammer as gebed vir ons 'n blote plig is waarin ons eintlik geen vreugde vind nie. Deur die gesprek is ons besig om ons **verhouding te versterk**. Daarom sal alles wat deel is van ons verhouding en van ons daaglikse lewe daarin ter sprake kom. Juis daarom kan dit soos 'n gesprek <u>*verskillende vorms*</u> aanneem.
Tot dusver het ons meestal oor gebed as **versoeke** gepraat.Om te bid is *nie net* om te vra nie, maar dit is dit natuurlik ook. As ons die **Onse Vader** as voorbeeld neem, dan sluit dit heelwat versoeke in soos *"Laat U Naam geheilig word, Laat U koninkryk kom, laat U wil geskied"* ens. Maar let ook op dat **die eerste versoeke** in die gebed wat Jesus ons geleer het, met *God en Sy saak* te doen het. Ons *grootste begeerte* in die lewe behoort altyd te wees dat God se eer en saak bevorder sal word. En wanneer dit die geval is, sal dit ook **voorop staan** in ons gebede: U Naam (nie myne nie)… U koninkryk (nie ons s'n nie) …. U wil (nie myne nie).

In Jesus se gebed kom *die bidder se eie nood* wel daarna ter sprake: brood…vergiffenis … beskerming.
Maar behalwe **voorbidding** (vir ander) en **smeking** (vir jouself), is daar ook nog so iets as **lofprysing en aanbidding**. Vir Calvyn was die eintlike doel van ons bestaan maar net om God te eer: *Soli Deo gloria* – aan God alleen die eer. Wanneer ons aan Hom die eer gee, is ons besig met a**anbidding**. Aanbidding is *bewondering vir en verwondering oor God*. Ons kan die **twee onderskei** deur te sê dat met ***aanbidding*** spreek ek my bewondering uit vir wie God is, en met ***lofprysing*** vir wat Hy gedoen het en steeds doen en beloof het om nog te doen. Ons kry **goeie voorbeelde** van lofprysing en aanbidding in die **Psalms**. Baie van die **liedere** wat ons in die erediens sing, is ook lofprysing en aanbidding en ons moet net *nooit vergeet* waarmee ons besig is wanneer ons dit sing nie. Ek is ook seker dit maak nie vir God verskil of ons dit in Afrikaans, Engels of Latyn doen nie – solank as wat ons net die woorde *bedoel*.
Die **Onse Vadergebed begin** met aanbidding van ons Vader **wat in die hemel is en sluit ook weer af** met lofprysing. Dit maak nie regtig verskil of dit deel was van die oorspronklike gebed wat Jesus vir sy dissipels geleer het of nie. Volgens die beste manuskripte wat in later jare ontdek is, was dit nie. Dit is waarskynlik deur oorskrywers bygevoeg omdat alle gebede destyds so afgesluit is, nes baie van ons al ons gebede afsluit met die woorde "Om Jesus wil, amen." Daar is dus niks mee verkeerd om dit as deel van die Ons Vader te bid nie. Dis ook nie 'n geval dat die vertalers aan Jesus se gebed gaan torring het nie. Inteendeel, hulle probeer juis om ons 'n vertaling te gee wat so na as moontlik aan die oorspronklike een is.
**Verootmoediging**, waar ons ons skuld bely en om vergiffenis vra en **danksegging** is nog **belangrike elemente** in gebed. Die **Psalms** is weer eens vir ons goeie voorbeelde hiervan. Die Heidelbergse Kategismus noem gebed die *vernaamste deel* van ons dankbaarheid. Ons ken mos die verhaal van die tien melaatses wat genees is en net een het vir Jesus kom dankie sê.
Ons kan die aard van gebed **saamvat** met nog 'n aanhaling van wyle prof Willie Jonker:
*"Die gebed is na sy aard 'n gesprek met God waarin Hy geprys, gedank en geloof word, maar waarin ook al ons nood en behoeftes voor sy aangesig uitgestort word."* (Fil 4:6)

## 4. LIEFDE OORWIN DIE WEERSTAND

God, so is ons in hierdie **Kerstyd** weer herinner, is 'n God *wat met mense praat*. Vantevore het Hy dit onder andere gedoen deur die *profete*, toe

deur sy *Seun*, die Woord wat vlees geword het. Ons het vandag ook sy Woorde *op skrif*. Hy praat met ons deur die *natuur* en deur *gebeure*. Laat dit nie 'n **eenrigtinggesprek** (monoloog) wees nie. God wil ook hoor dat ons met HOM praat. Hy is 'n God wat praat EN luister. Dit moet ook van ons as Sy kinders waar wees: dat ons na Hom luister en met Hom praat.
*"Bid gedurig."* Hoe liewer jy die Here kry, hoe meer sal jy hierdie woorde hoor as 'n groot *voorreg* en as 'n heerlike *uitnodiging* en hoe minder as 'n OPDRAG. **Liefde vir** God en jou naaste sal die weerstand waarna ek aan die begin verwys het, oorwin! Hoe meer jy bid, regtig BID, hoe meer sal jy WIL bid.

Amen
11.01.2009